
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Dood en Lewe in die mag van die tong.

Spreuke 18:21

Af en toe sal jy oor die radio die volgende hoor: "Ons onderbreek nou hierdie program met 'n spesiale aankondiging." So 'n aankondiging is belangrik en is die moeite werd om na te luister. Dit laat jou opkyk en vereis jou onmiddellike aandag. Vandag wil ek aan jou 'n belangrike aankondiging uit die Woord van God bring. Ek wil ook graag hê dat jy sien hoe aankondigings uit die Woord van God 'n "Geseënde onderbrekings" kan wees.

Dank die Here, dat HY ons gejaagde lewens onderbreek met Sy aankondigings. Die Bybel se aankondigings is goed, voedend en geloofsversterkend. Dit is die boodskap van geloof, wanneer ek 'n uitdaging aan jou rig.

"Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God." (Rom. 10:17). Ek kom dus om jou, op grond van hierdie uitsprake, tot daadwerklike optrede uit te daag. Besluit nou, hierdie eerste dag van 2007, dat jy die Woord van God met blydskap sal aanneem en dat jy voortaan jou lewe volgens hierdie Woord sal inrig.


Bepeinsing van God se Woord is uiters noodsaaklik en ons behoort dit daagliks te doen. Hier kan ek dalk net onderstreep, dat 'n gereelde tydjie met die Here, waartydens jy bid en die Bybel lees, leer en oordink verpligtend is, indien jy enige geestelike groei in jou lewe begeer. Die regte tyd is aan die begin van jou dag: jy sal dalk 'n uur vroeër moet opstaan, vir hierdie tydjie met God, maar dit is duisend maal die moeite werd.

Maar net sò belangrik as die bepeinsing van God se Woord, is die glo en hardop bely daarvan. Dis een van die mees bevrydende, bevredigende en dinamiese dinge waarmee jy besig kan wees. Die Griekse woord waarvan die woord "bely" afkomstig is, beteken "om dieselfde ding te sê" m.a.w. "om te sê wat God sê." Om te sê wat God sê oor ons sondes, ons siektes, ons mislukkings, ons swakhede, ons materiële posisie en ons oorwinning. Ons moet met God saamstem en met die duiwel verskil, ons moet God se taal praat. Moet nooit met jou gedagtes bid of God dien nie, maar met woorde en dade, sodat Satan en sy demone ook bewus is van jou vertroue in God.

Toe Jesus vir jou sondes gesterf het en uit die dode opgestaan het, was dit vir jou regverdigmaking, redding en vryheid. Daarom is jy vandag in Christus 'n kind van God, gebore in die groot familie van God, 'n erfgenaam van die hemelse koninkryk en 'n oorwinnaar in Christus, as jy Hom as jou persoonlike verlosser aangeneem het! Hierdie kennis, gepaardgaande met 'n manmoedige belydenis van die Bybelse waarhede, sal die kragdadigste vorm van geloof in jou ontketen: God is wat Hy sê dat Hy is. Ek is wat Hy sê wat ek is. Hy sal doen wat Hy sê Hy sal doen, ek kan doen wat Hy sê ek moet doen: dis die verstommende taal van geloof!

Miskien kan ek hier weer aansluit by die aankondiging oor die radio: ons taal en spraak moet deurtrek wees met aankondigings uit God se

(Vervolg op Bl. 2)



<u>...Maar net sò belangrik as die bepeinsing van God se Woord, is die glo en hardop bely daarvan. Dis een van die mees bevrydende, bevredigende en dinamiese dinge waarmee jy besig kan wees....</u>

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Dood en lewe in die....)
Woord en ons moet enige ander gesprek letterlik onderbreek en God se Woord deur ons taal spreek. Daar moet nie by ons 'n weifeling of onderskeiding, of dit nou die regte tyd is, om God se Woord te spreek, wees nie. God se Woord geld vir elke lewenssituasie, elke gesprek, elke bespreking en dit het outoriteit oor ons eie menings en opinies.

Jou vriende en familie sal uiters verbaas staan as jy skielik, nadat hulle jou oor die jare al ken as 'n klakous, 'n pessimis en 'n ontevrede mens, begin om te sê: "Nee wat, ek kla nie meer nie, want God sê Hy sal in al my behoeftes voorsien, volgens Sy rykdom en dat ek sal verkry wat ek glo en sê ooreenstemmend met Sy Woord. Daarom wil ek van nou af net die goeie en die opbouende dinge sê en volgens God se beloftes sal ek die goeie ontvang." Maar hulle verbasing sal oorgaan in vreugde en dankbaarheid dat jy nou ophou kla en as hulle sien hoe God vir jou gee wat jy glo en sê, sal hulle hul eie lewens ernstig ondersoek en by jou kom navraag doen.

Daar is dalk al lankal by jou 'n begeerte om wysheid te bekom, om God se Woord so te kan hanteer, sodat jy die regte ding op die regte tyd op die regte wyse sal kan sê. As dit jou innige wens is, hou op om te wens, en praat met God soos volg: "Here, U sê in Jak. 1:5 as iemand van julle wysheid kort kom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word! In Jesus se Naam vra ek nou van U daardie wysheid om U Woord sò te hanteer dat dit verandering in my eie en in ander se lewens sal bring. Baie dankie Here, ek loof en ek prys U dat U reeds begin het, om daardie wysheid in my gemoed en verstand uit te stort, aan U al die lof en eer." Nou staan jy op daardie belofte aan jou en as jy twyfel of jy wysheid het, sê (verkieslik hardop): "Jesus Christus het vir my geword die wysheid van God, daarom het ek daardie wysheid in elke situasie wat ek vandag teëkom."

Dalk kla jy al lankal, dat jy nie geloof het om te kan volhard in jou Christelike lewenswandel nie en dat geen verandering in jou lewe kan plaasvind nie. Nee, liewe vriend, praat God se taal en sê: "Volgens Rom. 12:3 het God aan elkeen van Sy kinders 'n maat van geloof gegee, daarom het ek geloof. En al is dit so groot soos 'n mosterdsaad sal ek berge verskuif, daarom sal daar glad nie meer onoorbrugbare probleme in my lewe wees nie, want in Jesus se Naam moet die probleme skuif."

Wanneer God se Woord oor jou lippe begin rol, is jou gees vol gelaai wat jou liefhet! En slaap is 'n gawe van God: neem jou erfenis <u>in besit!</u> Bid nou, en herhaal dit elke keer as Satan slaaploosheid op jou wil lê: "Vader, U Woord sê dat ek in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak, want u laat my in veiligheid woon (Ps. 4:9). En ek is U beminde en U gee my die nodige slaap (Ps. 127:2). Dankie Here dat ek nou in Jesus se Naam, meteens en rustig sal slaap."

Miskien is jy een van daardie ongelukkige persone wat geteister word deur sondes uit jou verlede, en dan altyd minderwaardig voel as dit kom by diens aan God, omdat jy voel dat die sondes nog aan jou kleef. Dis Satan wat hierdie selfveroordeling by jou invryf en jy moet hom kragtig

"As julle in My bly en My woord in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry." Joh. 15:7

Daar is dalk al lankal by jou 'n begeerte om wysheid te bekom, om God se Woord so te kan hanteer, sodat jy die regte ding op die regte tyd op die regte wyse sal kan sê. As dit jou innige wens is, hou op om te wens, en praat met God soos volg: "Here, U sê in Jak. 1:5 as iemand van julle wysheid kort kom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word! In Jesus se Naam vra ek nou van U daardie wysheid om U Woord sò te hanteer dat dit verandering in my eie en in ander se lewens sal bring. Baie dankie Here, ek loof en ek prys U dat U reeds begin het, om daardie wysheid in my gemoed en verstand uit te stort, aan U al die lof en eer." Nou staan jy op daardie belofte aan jou en as jy twyfel of jy wysheid het, sê (verkieslik hardop): "Jesus Christus het vir my geword die wysheid van God, daarom het ek daardie wysheid in elke situasie wat ek vandag teëkom."

Dalk kla jy al lankal, dat jy nie geloof het om te kan volhard in jou Christelike lewenswandel nie en dat geen verandering in jou lewe kan plaasvind nie. Nee, liewe vriend, praat God se taal en sê: "Volgens Rom. 12:3 het God aan elkeen van Sy kinders 'n maat van geloof gegee, daarom het ek geloof. En al is dit so groot soos 'n mosterdsaad sal ek berge verskuif, daarom sal daar glad nie meer onoorbrugbare probleme in my lewe wees nie, want in Jesus se Naam moet die probleme skuif."

Wanneer God se Woord oor jou lippe begin rol, is jou gees vol gelaai wat jou liefhet! En slaap is 'n gawe van God: neem jou erfenis <u>in besit!</u> Bid nou, en herhaal dit elke keer as Satan slaaploosheid op jou wil lê: "Vader, U Woord sê dat ek in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak, want u laat my in veiligheid woon (Ps. 4:9). En ek is U beminde en U gee my die nodige slaap (Ps. 127:2). Dankie Here dat ek nou in Jesus se Naam, meteens en rustig sal slaap."

Miskien is jy een van daardie ongelukkige persone wat geteister word deur sondes uit jou verlede, en dan altyd minderwaardig voel as dit kom by diens aan God, omdat jy voel dat die sondes nog aan jou kleef. Dis Satan wat hierdie selfveroordeling by jou invryf en jy moet hom kragtig weerstaan met God se Woord, want as jy God om vergifnis gevra het met 'n berouvolle hart, is jy vergewe. Sê hardop: "God se Woord sê, as ek my sondes bely, is God getrou en regverdig om my sondes te vergewe en my van alle ongeregtigheid te reinig en ek het my sondes bely, daarom het God my vergewe en gereinig(1 Joh. 1:9). My sondes is sover van my verwyder as die ooste van die weste(Ps.103:12) en nou vergeet ek dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil.3:13-14) Nou het jy dit gesê, en nou is dit sò!

Daar is nou 'n verduideliking van hoe die glo, spreek en bely van God se Woord oor omstandighede, verandering teweegbring. Kyk weer na Joh. 15:7: **"As julle in My bly en My woord in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."** My woorde in julle – God se woorde in ons. As jy bid, moenie die probleem bid nie, maar bid die antwoord soos dit in God se Woord staan. As jy aan slaaploosheid ly, moenie klaend tot God bid en Hom in detail vertel van jou lang, rustelose ure op jou bed nie, en dan smeek dat Hy jou daarvan moet verlos nie. Hy ken jou probleem en wil dit oplos, want Hy is jou Vader

As jy eenmaal iets geglo en bely het volgens die Bybel, besit jy dit al. Vryheid en verlossing is verkry deur die besit en die belydenis van God se Woord. ("As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." Joh. 8:31-32)

Ek het gelees van William Burton van Engeland, wat baie jare gelede die Belgiese Kongo sending gestig het, in die land wat as Zaire bekend staan. God het hierdie sending as 'n magtige getuienis vir Christus gemaak in

(Vervolg op Bl. 6)

IDLE WORDS

Nothing reveals a person's true spiritual status faster than the use of objectionable jokes, silly gestures and IDLE WORDS. A superficial Christian quickly reveals his careless attitude towards the lost and suffering, by his constant use of empty and meaningless words and his foolish actions. For many the above may seem insignificant, but there are few spiritual ailments that are more destructive or more contagious than these.

God classifies idle words together with undesirable acquaintances: **"But fornication, and all uncleanness, or covetousness, let it not be once named amongst you, as becomes saints; Neither filthiness, NOR FOOLISH TALKING NOR JESTING, which are not convenient: but rather giving of thanks." (Eph 5:3,4)**



"But I say unto you that every idle word that men shall speak, they shall give account thereof in the day of Judgement..." MATT. 12:36

Jesus Himself said in Mark 7: 21-23: "For from within, out of the heart of men, proceed evil thoughts, adulteries, fornications, murders, thefts, covetousness, wickedness, deceit, lasciviousness, an evil eye, blasphemy, pride, FOOLISHNESS: All these things come from WITHIN, and DEFILE the man" Thus foolishness will defile you, just as much as adultery! Many people would never consider stealing or murdering, but would not think twice of standing up to preach, even though their words reveal the sin in their hearts. I have never encountered a man used by God to bring healing and deliverance to the sick who had a mouth filled with foolishness! A subtle, light-hearted preacher may impress the people with his humour and mannerisms, but when it comes to deliverance and real help in crisis situations, HE DOES NOT MAKE THE GRADE! He may try to alter his light-hearted manner of presentation to preach on a more serious topic, but for his congregation, there will be little evidence of sincerity, no real testimony that this is a Word from God. He sounds to them like a tinkling cymbal!

I don't mean to imply that God's people must walk around with long faces , devoid of joy. On the contrary, God's people should be the happiest people in the whole world. God commands us to **"Rejoice evermore!" (1 These 5;16).** God's word says that He expects His children to be so happy that they rejoice, sing, clap their hands, dance and laugh with joy. Listen to these scriptures. **"Make a joyful noise unto the Lord, all you lands. Serve the Lord with gladness: come before his presence with singing." (Psalm 100:1&2) "Clap your hands, all you people, shout unto God with the voice of triumph". (Ps 47:1) "Let them praise his name in the dance; let them sing praises unto him with the tumbrel and harp" (Ps 149:3). "And David danced before the Lord with all his might;" (2 Sam. 6: 14) "Then was our mouth filled with laughter, and our tongue with singing: then said they among the heathen, The Lord has done great things for them. The Lord has done great things for us...WHEREOF WE ARE GLAD." (Psalm 126: 2,3). "...For the JOY of the Lord is your strength" (Nehemiah 8:10).**

The Christian that does not have JOY is a weak Christian, and thus a weak representative of the faith that he proclaims and will easily be disheartened and go in search of joy in other places. The person who delights himself in the Lord, strengthens his joy. However, it is not a matter of being joyful about our own power, abilities or knowledge. **"God resists the proud, but gives grace to the humble," (James 4:6).**

If there is someone who is guilty of the sins of boasting, using idle words and levity, they will immediately be defensive and say that I am exaggerating. They will say that it is wrong to be too serious about things, but this is not what the Bible says! The salvation of souls and the deliverance of the suffering is a serious matter, which requires the undivided thoughts and attention of those committed to this end. Many people reckon that it is their right to say what they want, as often as they want to. They choose their jokes and lighthearted conversations rather than having the power of God in their lives.

God has chosen to work through the spoken word of His Representatives, whilst they are in this world. **"…. the words that I speak unto you. they are SPIRIT and they are LIFE." (John 6: 63).** You can also read **Proverbs 4:22. ". . .for they are LIFE unto those that find them, and HEALTH to ALL their flesh".** How do your words sound?

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Idle Words..)

Some people's jokes help them to forget their problems for a while. Jesus forgot about His problems, by lightening another's burden. James compares the words of our mouth to the bubbling of water out of a fountain. We read in **James 3:10-12**: **Out of the same mouth proceedeth blessing and cursing. My brethren, these things ought not so to be. Doth a fountain send forth at the same place sweet water and bitter? Can the fig tree, my brethren, bear olive berries? either a vine, figs? so *can* no fountain both yield salt water and fresh.**

He insists that our fountains must give consistently pure water — not bitter one day, and sweet the next. He then adds - "**Who is a wise man and endued with knowledge among you I let him show out of a good CONVERSATION his works with meekness of wisdom" (James 3:13).**

"Let NO CORRUPT COMMUNICATION proceed out of your mouth, but that which is GOOD TO THE USE OF EDIFYING" (Eph 4:29)

IDLE words are empty and unproductive. These are WASTED words. God has given power and authority to THE WORDS of believers, which make them precious. These precious words must not be wasted.

"For truly I say unto you, That whoever SAYS to this mountain, Be removed and be cast into the sea: and does not doubt in his heart, but shall believe that those things which he SAYS shall come to pass: he shall have whatsoever he SAYS." (Mark 11:23). Thus WE can speak with authority, even to control lifeless things.

Jesus used this authority/power when He spoke to the wind and the sea, and the storm of Mark 4:39 stopped.

It is the same power that Moses used when he spoke to the rock in the desert, and water flowed out of it. (Num. 2O:8).

Joshua applied the same authority when he commanded the sun and the moon to stand still. (Joshua 10: 12 &13).

Jesus demonstrated the use of this power when he commanded the fig tree saying: " . . . No man eat fruit of thee, hereafter for ever..." (Mark 11:14).

Jesus commanded the fig tree to die, AND IT DID! It was after this that he clearly designated the same power and authority to ALL who BELIEVE.

It is to these men and women whose words have the ability to loose the bonds of Satan and to bring deliverance and healing to people's bodies that Jesus issued the following warning, that every IDLE, WASTED WORD, would be judged. Words that should bring life, deliverance and food to hungry souls have become like chaff! It is then that we offer stones instead of bread to a dying world full of hungry and suffering souls, and withhold the source of life and deliverance from them. It is then that we allow the fountain that should produce FRESH LIVING WATER, to become a useless, unattractive and poisonous stream of scum and foolishness. How will we be able to justify our WORDS and actions before the Great Judge, keeping the following measuring rod in mind - **"If any man SPEAK, let him speak as the ORACLES OF GOD." (1 Peter 4:11).**

For those who persist in this foolishness, I am reminded of a story that I read about a vision a certain man of God had. He saw a group of young girls that were so busy plaiting daisy chains, that they did not warn the thousands of people passing by that they were about to fall over a cliff, where they would be destroyed on the rocks below. This is a far cry from the COMPASSION THAT JESUS HAD FOR THE MULTITUDES.

Once again I would like to emphasize that is doesn't mean that there is no place for humour in the Christian's conversation. Our conversations may he humourous, but must at the same time be edifying. A little humour to demonstrate a certain point, may be effective in keeping the listener's attention, while the gospel message is being brought home, and souls are turning to God. If humour is used in this way, then it would NOT be considered as idle and useless.

"Do not be rash with your mouths and do not let your heart be hasty to utter anything before God....therefore let your words be few." (Ecc 5:2).

The reason why so many Christians speak so many idle words is because THEY TALK TOO MUCH! They speak so much that they do not have time to think or to listen to the voice of God. Idle words flow so easily that we don't have to think too much about them. If you listen to any conversation you will be able to extract many words that are spoken purely out of habit. The spirit of our times is becoming progressively light-hearted, which makes it difficult for a person to think seriously. Then there are of course the typical remarks like: " Don't take life too seriously; you'll never come out of it alive!"

With this attitude as the standard of our day, it requires a truly serious attempt on our behalf to practise being tranquil long enough to hear the voice of God, so that we may have the necessary 'words of God', and when we speak our words will be charged with power and authority. The wise person will make this sacrifice and watch what he says. **"He that has knowledge spares his words." (Prov 17:27) "the mouth of fools feeds on foolishness." (Prov 15:14). "In a multitude of words, sin is not lacking; but he that restrains his lips is**

(Continued on page 8)

ons God van wonderwerke!

Dr James,

Baie dankie vir u November maandblaadjie.

Ek het "Uit Dr James se Kantoor" gelees en verstout my om te sê dat dit wil voorkom asof u na 'n brief van my verwys? Indien dit so is moet ek erken dat ek skaam voel oor my ongeloof en swartgalligheid. (Ek het sedertdien 'n ander brief gefaks waarin u al die verandering sou kon sien) Dankie vir u boekie "Innerlike genesing." Ek het dit nog nie eers klaar bestudeer nie en al klaar het die Here dinge aan my geopenbaar. EK HET VERGEWE. Dit was nie maklike nie aangesien persone al oorlede is. Ek het iemand gevra om my saam te bid en die Here het my vry gemaak van laste wat al vanaf my kinder dae met my saamgesleep word.

DIE HERE HET MY AANGERAAK EN GENEES. Ek weet nie wat in my werwels aan die gebeur is nie maar ek GLO GOD. EK IS NIE MEER EENSAAM NIE. Alhoewel ek nog alleen is. EK VREES NIE DIE TOEKOMS NIE. Die Here is in beheer.

U weet ek het by my werk genoem dat ek waarskynlik Desembermaand sal bedank a.g.v. swak gesondheid (Ek is 68 jaar oud werk voldag as Rekenmeestersklerk/ontvangdame) Ek het ook navraag gaan doen by 'n tehuis vir bejaardes om 'n kamer te bespreek sodat ek 24 uur mediese sorg kan hê. Dis nie meer nodig nie. Ek weet ek sal seker mettertyd van die tehuis gebruik maak maar dis in die Here se hand. EK GLO GOD! EK is baie lief vir julle almal!

HC

Ek loof my Here Jesus Christus wat my genees het en vry gemaak het. Ek het vir meer as vier jaar gely aan sinusitis en allergieë. My keel was chronies seer, my kliere in my keel geswel en hard, my stem was hees en ek moes gereeld keel skoonmaak. Dit was so irriterend in my oë. Ek kon nie meer lekker sing en gesels nie. Orals waar ek gegaan het, het lugbesoedeling en ligversorging my geaffekteer.

Ons was Sondag 13 Augustus 2006 by die Stanger Christelike Sentrum waartydens dr. James vir ons gebid het vir verskeie versoeke. Ons het ook weer daarna aan dr. James geskryf en spesifiek weer gevra vir o.a. gebed vir my probleem. Ek en my man het ook begin om daagliks nagmaal te hou. Ons was ook oortuig dat ons gedoop moes word tot vergewing van sondes en met die Heilige Gees gedoop moes word nadat ons die boekie *"Stan vir Stap na My Ewige Lewe"* gelees het, wat dr. James aan ons gestuur het. Alhoewel ek en my man al jare gelede Jesus Christus as Verlosser aangeneem het, het ek 'n dringendheid ervaar dat ons die boekies moes lees. Op Maandag, 16 Oktober 2006, het ons reëlings vir ons doop getref. Gedurende daardie week het ons, ons voorberei deur die boekie *"Ondervind die Heilige Gees"* te lees. Handelinge 2:38, 39 het ons diep getref. Daardie week het ek ervaar dat ek oornag genees is! Prys die Here! Ek besef meer en meer dat die Here gehoorsaamheid eer. (Joh. 14:15, 21)

Ek het sedertdien geen probleme met seer keel of kliere nie. Ek speel klavier en my man speel kitaar en dan sing ons vir Jesus, dit is so wonderlik om weer lekker te kan sing! Wat 'n wonderlike Here dien ons wat ons opdrag gee om iets te doen nie om ons te belas nie, maar dat ons dit fisies kan beleef sodat ons dit kan verstaan die volle betekenis daarvan kan kry soos die Doop en Nagmaal. Sy opdragte gee lewe! Ek en my man besef dat die doop en die nagmaal daagliks 'n voorvereiste is vir 'n oorwinnende lewe! Ons loof die Here vir ons familie in Christus by die Sentrum wat omgee en vir ons bid. Dit is so wonderlik om 'n briefie in die pos te kry en dit bemoedig ons baie. Ons leer so baie uit die boekie. Alle eer aan Jesus Christus.

Mev T van Deventer, Nelspruit

Ek wil graag 'n getuienis lewer van gebedsverhoring. In 2004 het ek gevra dat julle moes bid vir my swaer wat op daardie tydstip erg verslaaf was aan dwelms. Na die gebedsversoek toe lyk dit asook Satan sy aanvalle erger loots. In die begin van 2005 kry hy 'n beroerte aanval, maar ere aan ons Groot Heer en Meester. Toe Satan dink hy eindig sy lewe, toe is onse God besig om 'n nuwe begin in sy lewe te bewerkstellig. Hy gee sy hart aan die Here (Maart 2005) en onse God herstel hom volkome van beroerte, en verlos hom van die mag van dwelms. Die Here wat ons dien Hy is so wonderbaar. So Groot en so Almagtig. Job. 42 vers 2 sê: "Geen plan is by my God onuitvoerbaar nie." Baie dankie vir julle voorbidding. En mag die Heer julle elke dag meer en meer seën met die dienswerk wat julle doen. Groete in Jesus Naam.

Mej B Sydien, Port Elizabeth

Ek groet u in daardie soete en Heilige Naam van ons Here Jesus Christus. Wat getrou bly tot in ewigheid. Wat sal ons van hierdie dinge sê, as God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs Sy eie seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie. Eerstens wil ek u bedank vir al die getroue gebede. God het verhoor en Jacqueline is genees – volkome genees. Haar telling was 65 en dit staan nou op 11. Is Hy nie wonderbaar!!

Mev S Majiedt, Namibia

Baie dankie vir u wonderlike werk wat u doen, wees gegroet in die naam van ons Hemelse Vader. Ek het weereens koue rillings gekry toe ek jul brief aan my gelees het, dit is alles baie wonderbaar. Dr James en Meg, my broer Richard het begin werk, en hy kan nou loop! Prys die Naam van die Here, baie dankie vir u gebede en dankie dat u deur altyd oop is vir almal. Ek wens vir julle almal alle sterkte wat van ons Vader is en sal wees. Baie, baie dankie. Groete

Mev J Echas, Windhoek

Dankie vir elkeen wat saam met my Tannie Magda van der Walt van Aliwal Noord ingetree het in gebed. Sy het kanker gehad en die aand voordat sy moes gaan vir bestraling het God haar volkome gewys. Die dokters kon geen kanker die volgende dag kry nie. Prys die Here – Hy is 'n wonderbaarlike genees Heer!

Mev M v d Walt, Aliwal Noord

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Dood en lewe in die mag...)
daardie donker land.

William Burton was siek aan 'n dodelike siekte. Hy is geopereer maar nie veel kon vir hom gedoen word nie. Geneeshere het hom oopgesny en net sò weer toegemaak en hom ingelig oor hulle bevindings. Hulle het hom slegs 'n paar maande gegee om te leef. In die lig hiervan het William Burton hom gereed gemaak om terug te gaan na Engeland om sy vriende en geliefdes nog 'n keer te sien voor sy dood.

Oral waar hy in die Kongo gegaan het, het hy sy vriende gegroet en die slegte nuus het hom vooruitgeloop. Sy vriende se oë was almal vol trane en hulle het hul bes gedoen om simpatie met hom te betuig. Broeder Burton het egter besef dat simpatie hom nooit sou help om hierdie diaboliese kanker in sy lewe te vernietig nie. Nadat hierdie besef tot hom deurgebring het, het hy 'n manmoedige besluit geneem: hy sou God op Sy Woord neem en die woord die "laaste oordeel" oor hierdie ontsettende siekte laat vaar.

William Burton het geweet van die Here se genadige voorsiening, "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hy het manmoedig hierdie belydenis "deur Sy wonde is ek, William Burton, genees!" begin herhaal. Burton het aan 'n vriend vertel dat hy hierdie belydenis duisende kere herhaal het oral waar hy gegaan het in die Kongo. Nadat hy terug was in Engeland ,het sy vriende hom daar met dieselfde simpatieke belangstelling gegroet. Hy het manmoedig sy standpunt bly herhaal. "Deur Sy wonde is ek genees."

Nadat hy hierdie Bybelse feit uitgespreek het, terwyl dit in ooreenstemming was met die hemelse beslissing oor sy geval, is William Burton weer deur dokters in Engeland ondersoek. Tot hulle verbasing kon hulle geen tekens van hierdie kanker in hom vind nie. Die kanker het totaal verdwyn. Die Heilige Gees het hierdie wonderwerk verrig terwyl dit Burton se vashou aan die Woord van God geeër het. Dit is manmoedige geloof. Ek is oortuig van die krag van manmoedige belydenis van God se woord. Hoekom? Omdat God oor Sy Woord waak om dit uit te voer. God sê: **"Geen woord wat uit My mond uitgaan sal leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur."** (Jesaja 55:11). Ek is oortuig van die heldhaftige bevestiging van God se Woord, want "die waarheid sal julle vrymaak." (Johannes 8:32).

As ons deur die Ou Testament sou gaan, sou ons beslis Dawid as een van die geestelike reuse uitsonder. En nie eers nadat hy koning van Israel geword het nie, maar toe hy sommer 'n jong seun was, het hy al gepraat soos 'n oorwinnaar. Lees weer I Samuel 17. Let op hoe koning Saul, Dawid se broer Eliab, en Goliat sèlf hom gespot en ontmoedig het om hom te oorreed om sy geveg teen



...Reusetaal vir die kind van God is die Woord van God, want dis slegs deur ons gees met die Woord te voed, dat ons kan groei en 'n geestelike reus word.. (Rom.10:17).

Goliat te laat vaar. Maar omdat Dawid se geloof in sy God sterk was, kon hy soos 'n oorwinnaar praat, en hy het die reus oorwin! En sò kon hy sy volk se dalende moraal weer ophef en Israel aanspoor tot vreugdevolle beurtsange. Dawid het gekry wat hy gesê het, want hy het dit geglo! Dawid het nie die onsekere, moedelose, vreesbevange taal van 'n beteuterde jong seun gepraat nie, maar die woorde van 'n vreeslose moedige held, en dis wat hy geword het.

Dawid kon reusetaal praat, en omdat hy reusetaal kon praat, het hy 'n reus geword. Reusetaal vir die kind van God is die Woord van God, want dis slegs deur ons gees met die Woord te voed, dat ons kan groei en 'n geestelike reus word (Rom.10:17). Dawid is vir my 'n baie raak beeld van die Christen en sy omgang en gebruik van die Bybel, en ek wil graag ook hier aanhaal die "alfabet van reusetaal of die woordeskat van 'n oorwinnaar deur Jesus."

Geen een kon nog daarin slaag om 'n beter leermetode as die bekende ABC uit te vind nie. Hier volg die woordeskat van 'n oorwinnaar van A tot Z.

A staan vir **AANROEP**: Rom. 10:13: **"Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."**

B staan vir **BLYDSKAP**: Joh. 15:11: **"Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."**

C **CHRISTUS**: Hand. 8:37: **"Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is."**

D **DADERS**: Jak.1:22: **"Word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."**

E **EK**: Gal.2:20: **"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."**

F **FEES**: I Kor. 5:8: **"Laat ons dan feesvier, ... met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid."**

G **GOD**: Ps.46:2: **"God is vir ons 'n toevlug en sterkte: as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef."**

H HEILIGE GEES: I Joh. 2:20: **"En julle het die salwing van die Heilige en weet alles."**

I **INGAAN**: Joh. 10:9: **"Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind."**

J **JESUS**: Heb. 13:8: **"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."**

K **KENNIS**: Dan. 11:32: **"Die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree."**

(Vervolg op Bl. 8)



uit Dr James se kantoor

Geliefdes,

My gebed is dat hierdie Nuwe Jaar `n baie geseënde en vreugdevolle jaar vir elkeen van julle sal wees. Mag die Here aan jou die begeertes van jou hart gee, wanneer jy jouself in Hom verlustig volgens Sy belofte in Psalm 37:4. Mag Hy jou in hierdie komende jaar selfs nader aan Hom trek soos jy Sy stem al duideliker hoor en jou verlustig om Sy wil te doen.

Ek en Meg en almal by die Christelike Sentrum, wil julle bedank vir jul onskatbare ondersteuning gedurende die afgelope jaar. Jul liefde, gebede, aanmoediging en getrouheid op elke gebied, het ons in staat gestel om so baie kosbare mense met die lig van die Evangelie van ons Here Jesus Christus te bereik. Dankie dat julle deel van die span was. Ons is lief vir julle en waardeer julle en vertrou die Here vir `n produktiewe 2007 soos ons aanhou om saam te werk vir `n groot oes van siele vir die uitbreiding van Sy Koninkryk! Halleluja!

Meeste van ons begin die Nuwe Jaar met die begeerte om onsself, op die een of ander wyse, te verbeter. Dit mag wees om daardie ekstra kilogramme te verloor, om `n skadelike gewoonte op te gee, om minder te spandeer, om meer te oefen – die lys gaan aan. Nuwe Jaars voornemens is klaarblyklik deel van `n mens se denkpatroon! Ons voel asof daar nog `n kans aan ons gegee word, `n nuwe begin, `n splinternuwe geleentheid. Met dit alles in gedagte, wil ek elkeen van ons aanmoedig om hierdie jaar `n baie belangrike besluit te neem! Een wat ons lewe, meer as enige ander besluit wat ons ooit kan neem sal verander! En dit is om te let op wat ons sê! Met dit bedoel ek, om nie net bewus te wees van die negatiewe en vernietigende taal waaraan ons te dikwels skuldig is nie, maar om netso bewus te wees om lewe te spreek en opbouende woorde! Ons uitdaging hierdie jaar is om die God geasemde woorde van die Bybel te spreek, eerder as die leuens van die duiwel.

Die Woord van God sê vir ons dat dit wat by die mond ingaan `n mens nie besoedel nie, maar dit wat uit die mond uitgaan. Elke keer wanneer ons ons mond vir `n negatiewe doel gebruik, is ons in der waarheid besig om onsself te besoedel. God sê vir ons dat lewe en dood in die mag van die tong is! Hy sê dat ons uit dieselfde mond seëninge of vloeke kan uitspreek! Maar wanneer ons ons mond gebruik om `n vloek uit te spreek, besoedel ons terselfdertyd ons self! Ons word geoordeel soos ons oordeel! Wat `n uitdaging vir ons hierdie jaar, en netsoos enige ander besluit wat ons maak om onsself te verbeter bewuste dissipline nodig het, sal die let op die woorde wat uit ons mond kom, nog moeiliker wees! Dit is omdat meeste van ons geneig is om te praat voordat ons goed daaroor gedink het! Ons praat dikwels sonder die nodige selfbeheer, en God wil hê dat ons voorraad sal opneem van ons gedagtes en die gevolge van ons woorde. Dit sal vir baie `n nuwe begrip wees, maar wanneer bemeester, sal dit vrugte afwerp vêr bo ons wildste verbeelding en drome.

Dit is omdat ALLE skrif deur God geasem is, dat wanneer ons God se Woorde spreek, ons in werklikheid sê wat God sê. Dit is ontsagwekkend! God het die mens na Sy beeld gemaak, die enigste deel van Sy skepping wat kan praat. Ons is by magte om te kommunikeer deur woorde te gebruik wat `n taal word! Wanneer ons dan God se taal praat, soos in Sy Woord, die Bybel, opgeteken praat ons die waarheid, lewe en krag. As ons in teenstelling met wat God in Sy Woord sê spreek, vind ons ons in ooreenstemming met die duiwel, deur leuens en die dood te spreek! Dit is so eenvoudig soos dit – maar nie so maklik om te doen nie! Dit sal inspanning en 'n lewenswyse van ons kant verig – maar laat ons die uitdaging vir hierdie jaar opneem, en begin oefen om die taal te praat wat ons sal spreek wanneer ons eendag in die hemel kom – woorde wat eer aan ons Hemelse Vader en Sy Seun Jesus bring. Jy is geregverdig of veroordeel deur jou woorde.

Wees verseker van ons gebede vir julle hierdie jaar, en weereens ons dankbaarheid en waardering,

Ons staan in oorwinning deur Jesus.

Liefde groete

Dr James

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp stel ons voor dat jy ons twee boeke kry: *"Oorwinnaarstaal"* Boek no. 6 – R8.00, en *"Kan Woorde jou lewe regeer?"* Boek no. M5 – R4.00.

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Although the tongue weighs very little, few people are able to hold it.

Even so the tongue is a little member; and boasteth great things. Behold, how great a matter a little fire kindleth!

James 3:5

(Continued from page 4—Idle words)

wise". (Prov 10:19) "Do not be rash with your mouths and do not let your heart be hasty to utter anything before God....therefore let your words be few." (Ecc 5:2).

Holiness is essential for the power of God to be manifest in our lives, and this holiness should be evident in the way we control our tongues. **"But as He who has called you is holy, so you be holy in ALL MANNER OF CONVERSATION." (1 Peter 1:15).**

I want to appeal to you on behalf of the lost and dying who will never find deliverance UNLESS WE AS CHILDREN OF GOD DIRECT OUR ATTENTION TO THEM, pray for

"But as He who has called you is holy, so you be holy in ALL MANNER OF CONVERSATION." (1 Peter 1:15).

them and speak the truth of God's Word to them. Please give this whole ISSUE your prayerful attention and commit yourself to God anew. Offer Him your BODY, as a living sacrifice, and don't forget *to include* YOUR TONGUE, YOUR LIPS and YOUR VOICE!

"…keep that which is committed to your trust (the power and authority of God to bring deliverance). avoiding profane and vain babblings…" (1 Tim 6:20)

My prayer is that YOU WILL PUT EVERYTHING ON THE ALTAR, and that you will carry the burden of suffering humanity squarely upon your shoulders, and that you will cast EVERYTHING aside that would hinder the power of God from working through you. God can work without you, but if YOU want to work with Him, you'll have to do it on HIS terms. Cast aside all foolishness NOW! Move in from being a bystander, into the centre of God's power.

All God's promises are for you — believe them, satisfy God's conditions and PAY THE PRICE. ✞

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Dood en Lewe….)

L **LIEFDE**: I Kor.13:13: **"En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."**

M **MOED**: Joh. 16:33: **"Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."**

N **NUWE**: 2 Kor. 5:17: **"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."**

O **OOTMOED**: 1Pet.5:5: **"Wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."**

P **PROFETEER**: Joël 2:28: **"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien."**

R **RYKDOM**: Fil. 4:19: **"En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."**

S **STANDVASTIGHEID**: I Kor.15:58: **"Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."**

T **TRAP**: Luk. 10:19: **"Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie."**

U **UITNEMENDHEID**: Fil. 3:8: **"Ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, as wins te verkry."**

V **VRYMOEDIGHEID**: Heb.13:6: **"Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?"**

W **WOORD**: Joh. 8:47: **"Die wat uit God is, luister na die woorde van God."**

Y **YWERIG**: Titus 2:14: **"Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as Sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke."**

As jy God se Woord glo, kan jy met vrymoedigheid nou die volgende van jouself hardop sê en ondervind wat 'n inspirasie dit vir jou gees sowel as jou liggaam is.

"Ek is 'n oorwinnaar: God sê ek is 'n oorwinnaar (Rom .8:37) afgesien van wat andere van my dink, ten spyte van wat ek in die verlede ervaar het, ek is 'n oorwinnaar in Jesus! Wanneer dit lyk of dinge glad verloop of wanneer dit lyk of alles verkeerd loop, ek IS 'n oorwinnaar! Waar ek ookal is, hoe ek ookal voel of lyk, ek IS 'n oorwinnaar! My waarborg hiervoor lê in wat God van my sê: Hy sê: ek IS meer as 'n oorwinnaar.

Ek sê wat God sê! Halleluja!

Ek is sterk: God sê ek is 'n held (Joël 3:10). Afgesien van wat andere van my dink, ten spyte van wat ek in die verlede ervaar het, ek is sterk: fisies en geestelik! Wanneer ek swak voel, dan bely ek dat ek sterk is, want ek wag op die Here en ek kry nuwe krag (Jes. 40:31) en ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag gee (Filip. 4:13).

Bestudeer en leer wat God se woord van jou sê, en bou vir jou 'n persoonlike belydenis vir elke omstandigheid in jou lewe daaruit op. Hierdie nuwe jaar gee vir ons weer 'n geleentheid om God en Sy woord eerste plek in ons lewens te stel. Kom, laat ons 'n kwaliteit besluit neem om dit lees, te glo, hardop te spreek, daarop te reageer met nuwe liefde en ywer. Vriende, weereens 'n vermaning en 'n aanmoediging: elke persoon wat 'n hoë sport bereik op watter gebied van die samelewing ookal, het dit bereik deur volharding. Dieselfde geld vir 'n hoë geestelike sport: volhardende studie en leer uit die Bybel. Of hierdie nuwe visie van die spreek van God se Woord oor jou omstandighede, in jou lewe gaan werk, hang van jou ywer en getrouheid af! ✞